

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Hoe leer ons om lief te kry?"

Skriflesing: Lukas 15:1-3, 11-32

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*

Broodjies vir die pad

Konstantinos Kavafis. Vertalings in Afrikaans deur Cas Vos.

Terugkeer van Griekeland af

Vir Breyten, om Parool / Parole te vier

So, ons is amper daar, Hermippos.
Die dag ná môre, so lyk dit – dit was die kaptein se murmeling.
Ons skip voel die deining van ons seë,
die waters van Ciprus, Sirië, en Egipte,
die geliefde waters van ons hartlande.
Hoekom is jou mond vol swye?:
het 'n gloed van geluk nie opgevlam
hoe verder Griekeland se rook weggedwarrel het nie?
Wat baat dit om onself te blinddoek?
Dit sou sekerlik nie ware Griek wees nie.

Dis tyd om ons aan die waarheid oor te gee;
ons is ook Grieke – wat anders dan? –
maar met Asiatiese passie en gevoelens,
passie en gevoelens
soms met koue harte teenoor die Hellenisme.

Dit is nie geskik vir ons as filosowe, Hermippos,
om in van ons kleinsielige konings se spore te loop nie
(onthou hoe ons vir hulle binnesmonds gelag het
toe hulle by ons lesings opgedaag het?)
Met hulle glansende gehelliniseerde mantels,
Macedoniese uiterlikhede (vanselfsprekend),
het hulle dan en wan met 'n Arabiese kleur gepronk,
'n kiertjie kalklig wat hulle nie kon weerstaan nie.
En tot hoeveel lagwekkende laagtes het die dwase gedaal
om alles onder 'n dekmantel in te vee!

Nee, dit stuit ons teen die bors.
Vir Grieke soos ons deug die soort kleinsieligheid nie.
Ons moet nie ons koppe laat hang
vir die Siriese en Egiptiese bloed in ons are nie;
ons behoort dit waarlik te eer, te swel van trots.

Nota: Konstantinos Kavafis het die gedig in 1914 geskryf. Die gedig bly tydloos en aktueel. In Breyten Breytenbach se Versamelde Toesprake / Collected Speeches wat onder die titel Parool / Parole gebundel is, kom die gedig voor. Dit is die slot van Breyten se toespraak (Notes from the Middle World). Fernando Pessoa lecture, eThekweni, 7 October 1996.

<http://versindaba.co.za/2016/03/02/konstantinos-kavafis-vertaling-in-afrikaans/>



Do I want to be a hero to my son? No. I would like to be a very real human being. That's hard enough. (Robert Downey, Jr.)

In Afghanistan, you don't understand yourself solely as an individual. You understand yourself as a son, a brother, a cousin to somebody, an uncle to somebody. You are part of something bigger than yourself. (Khaled Hosseini)

If you would have your son to walk honourably through the world, you must not attempt to clear the stones from his path, but teach him to walk firmly over them - not insist upon leading him by the hand, but let him learn to go alone. (Anne Bronte)



Leer ken iets stadig om dit lief te kry

Annemarie van der Walt

Die gesegde "briek aandraai" het die afgelope naweek opnuut betekenis gekry toe op ou waspore deur die Laeveld gereis is.

Lank voordat die son sy wenkbroue oor die Lebomboberge in die ooste gelig het, is 'n lang konvooi motors met lede van die Mpumalanga- geskiedkundige belangegroep die teenoorgestelde rigting in, Lydenburg toe, met die mikpunt om die eerste merker van die Jock van die Bosveld-roete te vind en van daar merker vir merker tot in Pretoriuskop te vorder.

Dit was die haastigste wat in drie dae gereis is, want met die omdraaislag is iets gewen aan 'n tydsamheid van toe sir Percy FitzPatrick en ander transportdrywers in omstreeks die 1880's elke knokkelrige knik oor 'n heuwel of deur 'n drif met wa en osse aangedurf het al in die rigting van Delagoabaai.

Dit klink so verraderlik eenvoudig, dié roete. Want jirts ons onrustige moderne skepsels dan nie somer vir 'n Sondaguitstappie heen-en-weer oor Rowerspas by Pelgrimsrus of ry gou vir inkopies twee keer 'n dag verby Leeukop tussen Witrivier en Hazyview nie? En toe neem die 103 km lange skof ons 'n ganse dag lank, en jy maak somme en besef dit sou FitzPatrick en sy trawante sowat twee weke geneem het. 'n Ver-soberende gedagte.

Jy kyk met ander oë na elke granietkop en donga, spruit en lappie skaduwee. En wens op 'n manier vir die luukse om teen die spoed van geduldige osse se hoefslae deel te word van 'n landskap: Hier blom 'n sku veldblom, daar is 'n byenes teen 'n krans, en onder 'n struik die lêplek van 'n duikerlam.

Jy maak jou oë toe en verban die sogenaamde beskawing vir 'n oomblik: Pelgrimsrus se gekaapte, verlate nostalgie; Sabie se

begraafplaas waar siele omgewe met slordigheid moet dwaal; die groen woestyne van bloekomplantasies, en versnipperde boerdery waar die ou plaasname in restante verstedelik. Jy dink jou in die vergane ooptes in.

In die hitte van 'n witwarm Laeveldse dag wat teen jou skouers skroei, maak jy ook so skelm naskrif tot jou verbeelding: Ja, dit sou gaaf wees om so te reis, mits jy dit as vrou darem met 'n strêppie-toppie pleks van 'n sisrok kon doen. Asseblief tog ook ys in jou elfuurteetyd se blikbeker vol gin en tonikum.

En soos die konvooi drie dae lank op mekaar se buffers ry, snap jy ook in 'n ligte oomblik dat die geskiedenis dalk minder met groot politiek uit te waai het en eerder met die subtiele verskille in mense se onderskeie aard. Was die trippie drie weke of maande lank, was daar sweerlik mettertyd afgestig en het ons klomp elkeen die roetemerkers van die ou wapad uit 'n eie rigting benader.

Soms kry 'n mens die kans om terug te loop op die verlede se spore en moet jy dit aangryp. Die Amerikaanse skrywer Wendell Berry se woorde is dan geldig: "We (come to) love what we particularly know." Só 'n sin van plek is bloot makliker om te vind wanneer 'n mens verlangsaam; briek aandraai.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/leer-ken-iets-stadig-om-dit-lief-te-kry-20160218>

Brood vir die pad

Gaan ons só voort, wag 'n revolusie op ons

Wilhelm Jordaan

Uiteenlopende redes word gegee vir die onlangse gewelddadige, vlamme proteste op verskillende universiteitskampusse. Dit wissel van egte studente se geldige griewe tot anargistiese kragte, aangevuur deur EFF-aanhitsers waarvan sommige nie eens studente is nie.

Wat ook al die onmiddellike aanleidende redes, afsonderlik en in kombinasie, is dit nuttig om die stygende woedebarmeter ook aan omramende redes in die agtergrond te verbind:

Die nuwe politieke bedeling het sedert die vroeë 1990's aan ontnemdes 'n visie van hoop gegee. Op baie maniere is dit verwerklik. Wat die regeerders egter nie kan of wil snap nie, is dat ook hul eie mislukings die vlaag van protes onderlê en die potensiaal vir werklike revolusie inhou.

Wanneer ontnemde mense hoop vir 'n beter lewe gekry het, begin dit taan as hulle sien daar is spesiale begunstiging waarvan hulle uitgesluit is – gemeet aan dinge soos buitensporige vergoeding, duur wonings, blink motors en algemene lewensgerief. Vir ontnemdes word dit duidelik die gaping tussen húl stygende verwagtings en die verwerkliking daarvan, word groter pleks van kleiner.

Juis dan raak ontnemdes ontvanklik vir idees oor wie die skuld moet dra, asook vir aanbevelings oor gepaste optrede. Daaruit kom die oortuiging dat optrede (staking, betoging, brandstigting, vandalisme, geweld, aanranding) teenoor wie ook al as die sondebokke gebrandmerk word, die enigste manier is om die verlies aan hoop te "verwoord". Hierin word ras 'n al te maklike en gerieflike snellerwoord.

Sulke optrede berus nie op beredenering nie; eerder op gevaarlike slagspreukdenke wat in die harte van hoopontnemde mense 'n woedende refrein vir verandering word.

Daaruit kom algaande 'n toestand van vertroetelde "anomie" – 'n breedlopende wetteloosheid by mense met 'n gebrekkige maatskaplike etiek. Om uitdagend te sê: Ons maak soos ons wil en vrees nie die gevolge nie.

Ons land het inderdaad 'n normlose plek geword. Teenoor die groot voorraad vryheid wat ons deur 'n grondwet verkry het, het ons nou 'n skreiende tekort aan die voorraad toewyding, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid om met vryheid om te gaan.

Normloosheid is soos 'n aansteeklike siekte en die voedende bron lê in korrupte, onbevoegde owerheidsleierskap: tenderpreneurskap; onbeholpe dienslewering; onbestede begrotings; vermorsing van belastinggeld; hoë misdaadvlakke en swak vervolgingsresultate met afskrikwaarde; én politici se selfvoldane arrogansie om hulle nie te steur aan hofuitsprake en -bevele nie, enso(normloos, voorbeeldstellend)voort.

Dit is goed as "kampusanargie" ontloot kan word deur ooreenkomste tussen strydende faksies en universiteitsbesture, maar dit sal kort duur as die regerende owerheid nie 'n grondige "herontwerp" ondergaan nie. As ons voortgaan soos nou, is revolusie op die voorstoep.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-gaan-ons-so-voort-wag-n-revolusie-op-ons-20160302>



Seëning

Mag jy uit fonteine teen heuwelflanke
vars water hoor murmel om jou oggenddors
te les. En mag jy die maan saans soos
deeg sien rys. Dit alles om jou reis deur
dale en oor berge lewensvol te maak.

(Cas Vos se wense aan Breyten)



Lied 284

- 1 Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

- 2 Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.
- 3 Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.